HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

22 Januarie 2021

Liewe Kwagga-ouers, -leerders en -personeel

Geseënde 2021 vir elkeen van julle.

Die meeste van ons het gedink ons sal redelik normaal begin en het ons beplanning so gedoen. Ongelukkig het 'n tweede vlaag van die virus Suid-Afrika en die wêreld getref. Sommige dele van die wêreld maak hulle selfs gereed vir 'n derde en vierde vlaag. Die Suid-Afrikaanse regering het nuwe maatreëls afgekondig en ons moet nou ons beplanning daarvolgens inrig.

Die veiligheid van die leerders en die personeel is ons eerste prioriteit en daarmee saam wil ons graag aan elke leerder die geleentheid gee om volgens sy/haar volle potensiaal te presteer.

Die staatskoerant wat die nuwe regulasies bevat, word eers op Vrydag 22 Januarie 2021 gepubliseer.

1. Personeel.

1.1. Tye

Die Senior Skoolbestuur (Skoolhoof, adjunkhoofde en departementshoofde) en die ondersteuningspersoneel (admin., skoonmaak en terreinpersoneel) begin Maandag 25 Januarie 2021 werk om 08:00. Die res van die personeel begin Maandag 1 Februarie 2021.

1.2. Nuwe personeel

Baie welkom aan die nuwe personeel. Mag julle loopbaan by Hoërskool Outeniqua 'n geseënde en genotvolle een wees.
Mnr. Fillip Venter (Adjunkhoof Dissipline en Wiskunde).
Mevv. Surene Lombaard (Afrikaans Huistaal), Marlene Roux (English First Additional Language), Marni Acker (English First Additional Language) en Annelie van der Vyver (Ontwerp en Skeppende Kunste), mnre. Evert Kleynhans (LO en Geskiedenis) en Heinrich du Plessis (Gimnasium), mev. Nadja de Jager (Bestuurder vroulike werkers) en mej. Minnike van der Merwe (assistent onderwyser).

2. Leerders

2.1. Tye

Die Skoolbestuur het 'n versoek aan die distrikskantoor gerig dat die leerders vroeër terug moet kom, maar hulle het dit van die hand gewys. Ons het ook 'n versoek gerig dat die handboeke van leerders vroeër uitgedeel word en dat leerders sekere inligting mag ontvang. Ons het wel toestemming om dit te doen. Geen onderrig mag egter plaasvind nie.

Die skedule vir die uitdeel van die handboeke en inligtingsessie is soos volg:
Woensdag 10 Februarie – gr. 12's vanaf 08:00 tot 11:00.
Woensdag 10 Februarie – gr. 11's vanaf 11:30 tot 14:30.
Donderdag 11 Februarie – gr. 10's vanaf 08:00 tot 11:00.

Donderdag 11 Februarie – gr. 9's vanaf 11:30 tot 14:30.
Vrydag 12 Februarie – gr. 8's vanaf 08:00 tot 13:00.

Tydens die uitdeel van die handboeke sal daar ook sekere inligting aan die leerders gegee word. Die leerders en die personeel sal moet besef dat die verlore tyd (13 skooldae), deur die loop van die jaar ingehaal moet word. Daar sal dus 'n paar Saterdae gebruik word om die sillabus af te handel. Die moontlikheid dat die skole as gevolg van 'n volgende vlaag gesluit kan word, bestaan ook. Dus is elke minuut wat leerders in die klas sit baie kosbaar en moet daar produktief gewerk word.

Detaille beplanning van waar elke leerder moet aanmeld en wat hulle saam moet bring vir die uitdeel van die handboeke en oriëntasie sal Donderdag 4 Februarie 2021 aan leerders en ouers gestuur word.

Die skoolbestuur het besluit om voort te gaan met die rooster van elke tweede dag by die skool. Die dag by die huis moet gesien word as 'n dag waar die leerder op sy eie moet werk. Leerders sal daardie dag op Edmodo moet registreer en dit sal ook dien as teenwoordigheidsregister vir die leerders wat by die huis werk.

Afwesighede: Omdat daar baie min skooldae is, moet leerders net vir geldige redes by die huis bly.

2.2. Vakveranderings gr. 12

Die WKOD het toestemming gegee dat gr. 12-leerders vakke tot Vrydag 5 Februarie 2021 kan verander. Die meeste vakveranderings is reeds in 2020 afgehandel en dus is hierdie reëling net vir noodgevalle.

3. Koshuise

Daar is voorsiening gemaak vir die koshuisleerders om in die week wat die handboeke uitgedeel word in die koshuise te bly.

4. Ter afsluiting

Ons wil so spoedig moontlik met klasse begin. In hierdie onseker tye moet ons aanpasbaar wees. Sekere besluite word uit ons hande geneem en die moontlikheid dat ons reëlings, wat in die brief vervat is, weer sal moet verander. Sodra ons nuwe inligting kry, kommunikeer ons dit onmiddellik met julle.

Almal se veiligheid is vir ons belangrik. Die Covid-protokol wat in 2020 ingestel is, is steeds geldig. Ons moet dit met militêre presisie toepas.

Baie sterkte aan elke gesin. Mag ons deur God se genade en 'n spanpoging die virus oorkom.

Kwagga-groete

C. P. Vorster
Skoolhoof